

29 Januarie

Skrifgedeelte: Openbaring 1:1-8

Fokusgedeelte: Openbaring 1:7a

Koning Jesus is op pad

Die boek Openbaring is vir baie mense 'n somber en skrikwekkende boek. Hierin word van dinge gepraat waarvan 'n mens nie wil hoor nie en wat jy nog minder wil belewe. Hongersnood, natuurrampe, oorlog en lyding is dinge wat ons bang maak. Tog is hierdie boek vol troos vir elke kind van God. Vers 7 gee die sentrale tema wat soos 'n goue draad deur die hele boek loop: "Kyk, Hy kom met die wolke ...!"

Die boek Openbaring sê aan ons dit is seker dat ons Here Jesus Christus kom. Daaraan kan en mag ons nie twyfel nie. Vers 1-2 deel ons mee Wie aan ons hierdie openbaring gee. Wanneer Johannes dit hoor, roep hy opgewonde uit: "Kyk, Hy kom ...!" Dit is asof Johannes Hom reeds sien. Jesus kom! Hy is reeds op pad! Terwyl Hy op pad is, is daar nog baie dinge wat gereed gemaak moet word voordat Hy sigbaar verskyn. Hierdie vreugderoep van Johannes is dus vir elke gelowige 'n dringende oproep en 'n ernstige waarskuwing. Hierdie uitroep sê: "Word wakker! Wees gereed om jou Here Jesus Christus uit die hemel te ontvang!"

Dit is vir elke gelowige 'n heerlike troos. Ons hereniging met Jesus is naby. Hou maar net vas wat jy in Christus het. Ja, volhard in die geloof en in alle goeie werke, want dit is nie meer lank nie, dan is jy by Hom.

Is jy gereed om Hom te ontvang? Sien jy met blydschap uit na sy koms? Of staar jy jou blind teen die dinge wat nog moet gebeur? Word jy benoud wanneer jy hoor van hongersnood en rampe en oorloë en lyding? Luister fyn wanneer berigte oor hierdie dinge oor die radio en TV uitgesaai word. Bo die gekerm en gekreun van onbeskryflike lyding sal jy die vreugderoep hoor: "Kyk, Hy kom!"

Sing: Psalm 98:4 Ds AP Krüger (Boksburg-Suid)